

# Hoe om die AANPASSINGSKOPSEER VAN INGEKOOPTE VEE hok te slaan

**deur**
Kobus du Plessis

**Vee word dikwels vir veilings voorberei met die oog op uitsonderlike kondisie en 'n algehele mooi voorkoms om sodoende beter pryse te behaal. Ter voorbereiding vir veilings sal diere tipies beter voer ontvang, in die kraal geplaas word, gereeld behandel word vir parasiete en oor die algemeen meer intensiewe aandag geniet. Die teleurstelling kan dus groot wees indien goeie ingekoopte diere opgeneem word in 'n kudde wat nie op dieselfde vlak bestuur word nie. Kondisieverlies en swakker prestasie kan verwag word. Daar is egter verskeie maniere om aanpassing so effektief moontlik te maak met die minimum verliese.**



## Bestuur waar moontlik

Die bes aangepaste dier is die een wat in daardie boerdery gebore is. Dit is egter soms noodsaaklik om op 'n gereelde grondslag nuwe diere in te koop, hetsy vir genetiese variasie of om kudde te bou. Sekere faktore soos klimaat en omgewing is moeilik om te beheer. Produsente kan egter faktore waaroor hulle wel beheer het (soos genetika, vervoertoestande, voeding en bestuur) gebruik om dit waaroor hulle nie beheer het nie in 'n mate te bestuur om aanpassing te vergemaklik.

HOU DIE VOLGENDE VIER BELANGRIKE PUNTE IN GEDAGTE DIE DAG WANNEER DIERE AANGEKOOP EN VERVOER WORD:

- **Omgewing:** Waar kom die vee vandaan (suur- of soetveld, hartwatergebied, temperatuur en algemene klimaat)?
- **Voeding:** Was diere op voorbereidingsrantsoen of nie, en hoe gaan ek te werk met die voedingsaanpassing van moontlik volvoer na aanvullings op weiding?
- **Gesondheid:** Wat is die diere se gesondheidstatus (parasietlading) asook al die inentings wat hulle ontvang het (besmetlike misgeboorte (BM), hartwater, rooiwater ens.)?
- **Tipe:** Watter ras, ouderdom, geslag, en in watter produksiestadium is die dier?

## Versamel inligting


'n Goeie begin is om meer inligting in te win by potensiële verkopers. Doen moeite om uit te vind hoe hulle hul diere voer en bestuur, asook hul omgewingstoestande, genetiese doelwitte en rede vir verkoop. Daarvolgens kan die koper sy bestuurstyl tydelik aanpas om die nuwe diere te akkommodeer. Moenie skroom om raad te vra by die teler self of geregistreerde kundiges nie.

Nadat daar genoegsame inligting ingewin is oor die beoogde stoet/kudde waaruit diere ingekoop gaan word, moet die spesifieke diere wat moontlik die beste by jou eie omgewing en bestuur sal inpas, geïdentifiseer word. Diere wat na dieselfde tipe veld geskuif word, pas makliker aan. Hou in gedagte dat dit makliker is om diere aan te pas vanaf suurveld na soetveld as andersom. Neem hierdie aspek in ag waar diere uit 'n ander omgewing ingekoop word, en evalueer die risiko. Sulke diere behoort ekstra voeding en aandag te kry vir die eerste twee tot drie maande in die nuwe omgewing. Dit is ook soms raadsaam om die nuwe diere te doseer met rumenvloeistof wat van eie diere verkry is. Sodoende word die korrekte rumenmikrobe vir jou plaas gouer in die rumen gevestig, wat benutting van die eie omgewing se ruvoer sal versnel. Let ook op na die produksiestadium in die geval van ooie of koeie en voer en bestuur hulle daarvolgens. Jong lammers/kalwers en laatdragtige diere hou 'n groter risiko in en verg meer gereelde monitering.

## Moontlike benaderings

Die volgende benaderings kan gevolg word tydens die aanpassingsfase:

- **Natuurlike benadering:** Ingekoopte diere word gelos en minimale insette word gemaak sodat diere op 'n natuurlike manier in die omgewing aanpas.




Sodoende oorleef die mees aanpasbare en geharde dier. 'n Hoër sterftesyfer kan verwag word.

- **Funksionele benadering:** Kan ook gesien word as die mees ekonomiese en doeltreffende benadering omdat nuwe ingekoopte diere noukeurig gekontroleer en bestuur word. Net die diere wat aandag verg, word behandel en versorg om oorlewing van ingekoopte diere te verbeter. Aangepaste en geharde diere wat nie behandeling nodig het nie, word ook geïdentifiseer.

- **Subjektiewe benadering:** Alle nuut ingekoopte diere word volgens die boek behandel, bestuur en gevoer, ongeag die gehardheid en aanpasbaarheid van die dier. Hierdie benadering is meer voorkomend en bring baie meer kostes mee, maar met 'n hoër oorlewingsyfer. Die meer aanpasbare en geharde diere word egter nie geïdentifiseer nie.

Die diere moet so spanningsvry moontlik vervoer word sonder onnodige vertragings. Wanneer die diere op die plaas aanland, moet skoon, koel drinkwater onmiddellik beskikbaar wees, asook genoeg ruvoer van goeie gehalte. Indien moontlik moet die diere drie tot sewe dae lank toegelaat word om net eers gewoond te raak aan die nuwe omgewing, waarna hulle by die nuwe kudde kan aansluit. In hierdie tyd moet die diere rustig gehanteer word.

## Korrekte voedingsbestuur

Voeding het 'n belangrike rol te speel by doeltreffende aanpassing van diere in 'n nuwe omgewing. Indien die nuwe eienaar vir die eerste tydperk dieselfde voer gee as wat hulle by die vorige eienaar ontvang het, kan dit spanning aansienlik verminder en die diere pas vinniger aan. Aangesien hierdie diere waarskynlik 'n hoë-energie-volvoerrantsoen ontvang het tot op die dag van die veiling, is dit

belangrik om hulle geleidelik oor te skakel na die voerprogram van die nuwe kernkudde, veral waar lekaanvullings op ekstensiewe weidings ter sprake is. Moenie te vinnig die energievlak in die rantsoen laat daal nie; dit kan ook spanning veroorsaak omdat die rumenmikrobe tyd neem om by die nuwe kos aan te pas. Die eerste drie weke is dus die belangrikste wat betref aanpassing by die nuwe voerprogram.

> **"Wanneer die diere op die plaas aanland, moet skoon, koel drinkwater onmiddellik beskikbaar wees, asook genoeg ruvoer van goeie gehalte."**

## Hou diere gesond

Parasiete, bosluise en siektes affekteer nuwe diere geweldig en kan aanpassing bemoeilik. Diere moet daagliks gemonitor word, gevolg deur flinke optrede indien enige siektetekens waargeneem word. Diere op kraal moet gereeld gedoseer word en inwendige parasiete (veral haarwurm) moet bestuur word. Diere op veld, veral in die noordelike streke, moet gedip en geblok word teen hartwater. Alle nuwe diere moet teen rooiwater en longontsteking behandel word. Bevestig of die diere se inentingsprogram op datum gehou is, watter middels gebruik is en of diere skoon getoets is, veral vir BM.

Dit is alombekend dat vrugbaarheid een van die belangrikste faktore is wat wins in 'n veeboerdery beïnvloed. Kondisie en die dier se algehele gesondheid het 'n direkte invloed op vrugbaarheid. Maak dus seker dat die ingekoopte dier goed versorg word vir maksimum nageslag, hetsy vir genetiese vordering of die uitbou van die kudde.

## Weidingsgedrag

D.T. Thomas het in 2011 'n studie in Australië gedoen oor die aanpassingsgedrag van jong vleisbeesverse wat van een omgewing na 'n nuwe omgewing geskuif is. Hy het opgemerk dat dit die verse vier tot ses weke neem om volledig by die nuwe omgewing aan te pas, gebaseer op die groeitempo van die verse. Die verlies aan produksie die eerste vier tot ses weke was die gevolg van laer weiaktiwiteit, wat minder grasinnames tot gevolg gehad het, asook oneffektiewe benutting van weidingskampe weens die onbekende omgewing. Ná ses weke was die diere se wei-aktiwiteite soos die res van die diere op die plaas en die benutting van die veld ook beter, wat geblyk het uit hul daaglikse gewigstoename, asook hul lekinnames.

Wees geduldig tydens die aanpassingsproses en aanvaar dat verliese mag voorkom as gevolg van diere wat swakker aanpasbaar is. Goeie bestuur, toesig en deursettingsvermoë is uiteindelik die sleutel tot 'n hoë oorlewingsyfer en suksesvolle aanpassing. ®

